

18 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 18:15-20 (1983)
Fokusgedeelte: Matteus 18:19

Gebed kweek samehorigheid

Ons gedeelte is op 'n baie strategiese plek in die Bybel geplaas. Dit volg direk op die gelykenis van die verlore skaap, en voor Jesus se vermaning aan Petrus om te vergewe. Die gebed is die element om die verlorenheid en die vergifnis bymekaar te bring. Die gelykenis van die verlore skaap vertel die boodskap dat mense altyd gaan sondig.

Ons kerngedeelte leer ons egter hoe om 'n broer of suster te nader wanneer hulle in die sonde verval. Moenie die broer of suster afskrik deur hulle te verneder voor 'n gemeente, of deur agteraf daarvoor te skinder nie. Die kerklike tug is 'n ware simbool van liefde. Ons nader mekaar in liefde en wees eerlik met mekaar sodat ons ons ook kan verheug wanneer 'n broer of suster berou toon en na die kerk terugkeer.

Die tug is egter nie net die vermaning van 'n geliefde nie, maar ook die volhardende gebed dat die geliefde berou sal toon. Ons moet voortdurend bid vir dié wat in die sonde volhard. Nie net stil in ons kamers nie, maar ook gesamentlik waar gelowiges bymekaar is. Die vertroostende woorde wat Jesus aan ons in vers 19 gee, getuig van die kragtige werking van die gebede van gelowiges – “As twee van julle oor enige saak saamstem en daarvoor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry.” Alleen Jesus Christus skenk vergewing van sondes aan hulle wat daarvoor berou het.

Sing: Skrifberyming 10:1-3

Teologiese Student PF (Peter) Venter